

Dinsdag 20 Maart

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:1-4

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:1

Rots op die Rots

Die inleiding van 'n brief is nie juis iets waarby ons stilstaan nie. Maak dit regtig saak of dit nou Paulus of Petrus is wat 'n brief skrywe? Is dit nie maar in elk geval die Heilige Gees wat alle Bybelskrywers inspireer om te sê wat gesê moet word nie?

Versigtig nou. Ons hoor dat Jesus se dissipel homself as Simeon bekendstel. Dit is sy eienaam. So het sy ouers hom genoem. Ons lees verder dat hy Petrus is. Dié naam het Christus aan hom gegee toe Simeon Hom bely het as die Seun van die lewende God (Matt. 16:18). Petrus beteken "rots". Die belydenis van Petrus is inderdaad die rots waarop Christus sy kerk bou.

Ongelukkig het die mens Simeon by meer as een geleentheid in die pad gestaan van die ampsdraer Petrus. Kort voor die kruisiging het hy Christus verloën (Matt. 26:69-75). Op daardie oomblik het Satan vir Simon soos koring gesif (Luk. 22:31). Toe was Simeon geen rots, geen Christusbelyer nie.

In sy tweede brief noem die apostel homself doelbewus Sim(e)on Petrus. Hy skryf vir mense "wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het". Dit is mense wat baie bevoorreg is, maar tog in 'n lewenstryd staan. Die stryd is veral teen vals leraars en spotters wat 'n losbandige, laat-maar-gaan lewenstyl propageer. Dwaalleraars ontken ook die wederkoms van Christus.

Simon Petrus waarsku sy lesers teen die dwaalleer van die spotters. Pasop dat julle in julle menswees nie aan mooi praatjies toegee nie. Julle het tot kennis van God en die Here Jesus Christus gekom (vs 2). Deurleefde kennis van Christus dryf die gelowige tot 'n lewe wat aan God toegewy is (vs 3).

Kennis – saam met vertroue is dit die twee bene waarop geloof staan (HK So. 7). Kennis is vir die Christen onontbeerlik. Ken jou Verlosser. Ken sy beloftes en eise (vs 4). Dan is jy 'n rots wat op dié Rots bou. Met besielde kennis vlug jy vir die verdorwenheid van die wêreld. Op grond van Skrifkennis trek jy die lyne duidelik. Sê van harte "ja" vir alles wat reg is. Maar sê ook met groot oortuiging "nee" vir dit wat God nie wil hê nie. Daarvoor gaan Petrus se tweede brief. 'n Uiteraars relevante brief vir ons in 2018.

Sing: Psalm 31:1 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)